Cambridge IGCSE

**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01**

Paper 1 Reading **October/November 2019**

INSERT **2 hours**

*5925940457-I*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

This Insert contains the reading passages for use with the Question Paper.

You may annotate this Insert and use the blank spaces for planning. This Insert is **not** assessed by the Examiner.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Die bylae bevat die leestekste.

Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimtes gebruik om jou antwoorde te beplan.
Hierdie bylae word **nie** deur die eksaminator nagesien **nie**.

This document consists of **4** printed pages.

DC (PQ) 185740
© UCLES 2019

Cambridge Assessment International Education

**[Turn over**

Teks A het in die rubriek “Voëlpraatjies” deur dr. Morné du Plessis verskyn. Dr. Du Plessis is die uitvoerende hoof van die bewaringsorganisasie WWF Suid-Afrika.

Lees teks A en beantwoord vraag 1 in jou vraestel.

**TEKS A**

## Oeroue band tussen mens en duif

Hier by die voëlbadjie in my tuin is ’n streep voëls wat klokslag soggens hul dors kom les. Jy kan amper wed dat die lyster sy verskyning nog goed voor ontbyt sal kom maak. Daarna maak die glasogies hul klokkie-sang terwyl hulle mekaar aanpor om die veiligheid van die boomblare te verlaat. Dan is dit ook net ’n vinnige in en uit voordat hulle vrolik die dag voortsit.

Met die afkom vanaf ’n nabygeleë tak hoor jy die sielstrelende ffoett-ffoett-ffoett van ’n formidabele duif se vlerke. Dis wanneer jy die pienk bloes op sy bors sien dat jy die grootringduif herken. Anders is hy net ’n groter en stewiger weergawe van ’n tortelduif.

Ek kry telkens ’n nostalgiese gevoel wanneer ek daardie geluid van duifvlerke hoor. Dit kom immers uit my jeug uit. Swerms van honderde grootring- en tortelduiwe wat soggens ffoett-ffoett na die mielielande flap. In die hitte van die dag stroom hulle na die gronddam om ’n diep dors te kom les. En saans is dit ffoett-ffoett-ffoett slaapplek toe.

Die grootringduif kom nie sommer dadelik water toe nie. Hy kom uit ’n ander rigting as dié waarmee hy die water benader. Hy gaan sit eers op ’n uitkykpos in die nabye omgewing. Dan stap hy miskien ’n paar treetjies heen en weer op ’n tak, sit en kyk stip na iets. Hy draai skielik sy kop iewers anders heen en so gaan die gespanne verkenning voort. Agterdogtig en met ’n tikkie angs, maar deeglik. ’n Mens sou dink dat so ’n wantrouige voël sy vlerke stiller sou beweeg op pad water toe. Maar dis amper asof Duif se brieke ffoett-ffoett-ffoett met oordrewe tempo skree om enige ongediertes daar naby te probeer wegjaag.

By die water speel hy nie. Eers doen hy dieselfde veiligheidsdril as dié van netnou op die tak. Om water in sy keel af te kry, maak hy amper soos ’n seeleeu met ’n bal. Dis met ’n oop bek dat hy vorentoe skep en dan sluk-sluk. Tussen elke paar druppels loer hy van kant tot kant. En dan, as hy voel dis veilig genoeg, drentel hy versigtig die water in. Hy pik liggies na die oppervlak, en klap – asof hy binne-in ’n bak vol mieliepitte sit – ’n paar druppels met die bek na links. Dan bring hy eers sy regtervlerk kiertsregop sodat hy sy kieliebak ontbloot. Dan herhaal hy die proses met die ander een. Daarna wikkel hy sy lyf heen en weer die water in. Skielik ’n paar sarsies wilde vlerkklappe teen die wateroppervlak, voordat hy sy opgetofde veredos goed met water deurweek om homself te bad. Wanneer hy klaar is, skud hy sy vere minagtend op die waterrand uit en vlieg terug na sy uitkykpos. Daar kyk hy rustig met sy bors sonkant toe asof hy skielik nie meer senuweagtig is nie.

Dié waterdrink-en-bad-ritueel moet baie, baie oud wees. Die oudste duiffossiel wat bekend is, is sowat 30 miljoen jaar oud. Dit is ’n baie lang tyd gelede as jy in gedagte hou dat die duif wat die belangrike inligting na Noag se ark gebring het, net ongeveer 4000 jaar gelede haar olyfboomtakkie gepluk het.

Gee my die oggendsonnetjie in die vroegherfs en ’n swerm grootringduiwe se vasberade dog vreedsame ffoett-ffoett-vlerkklap op pad mielies toe en ek word oorspoel met ’n oergevoel van rustigheid. Dit moet wees omdat ons reeds die laaste paar honderdduisend jaar saamstap watergate toe om ons dors te les.

(Uit: *Die Burger, 28 April 2015*)

Teks B is geskryf deur Jaco Botha, ’n vryskutskrywer van Knysna.

Lees teks B en beantwoord dan vraag 2.

**TEKS B**

## Die storie van Dapper die duif

Een van die lekker dinge van om hier op die rantjie van Knysna te woon is die wild wat sommer hier reg langs jou agterstoep kom wei. Ons het al heelparty bosbokke op ons grasperk gesien en my buurman, Henry, beweer dat selfs ’n koedoe op ’n kol hier verby is. Daar was ook heelparty tarentale wat kom skrop het op die werf, maar dit is in die tyd voor ons honde gehad het.

Kaneel, ons kat wat in die stad grootgeword het, het hierdie vreemde geveerdes met ’n kombinasie van belangstelling en agterdog van die dak af dopgehou. Eers nadat hy die tarentaal behoorlik uit die bos uit gekyk het, het Kaneel ’n paar halfhartige pogings aangewend om een of twee van hulle te vang. Hy het altyd so ewe rustig nader gesluip, maar dan te gretig geraak en die laaste paar treë galop. Die tarentale het hom natuurlik dadelik sien kom en drie van die groter voëls het altyd in ’n klein losskrum-formasie, al skellende, hierdie voormalige stadskat uit hul midde verdryf. Hy moes soms sy hardloop ken om van hulle af weg te kom.

Later het Kaneel maar met die tarentale probeer vriende maak. Hy het so tussen die gemeentetjie tarentale gaan sit en saam geluister na een van die ouderlinge wat op ’n stomp staan en preek. Hulle het seker maar gedink hy’s in die bol gepik en het hom maar laat begaan. Ek twyfel egter of hy ooit as volwaardige lidmaat aangeneem is.

Dit is seker die saadjies wat ons vir die tarentale gestrooi het wat ook vir Dapper nader gelok het. Ek dink dit was in Augustus van daardie jaar toe hy die eerste maal op my skouer kom sit het. Ek het in die tuin gesit en werk op my skootrekenaar, besig om vir een van my kliënte in Johannesburg iets oor goudmyne te skryf. Toe skielik is daar net hierdie geveerde gevaarte in my nek – ’n angswekkende oomblik soos uit Alfred Hitchcock se fliek *The Birds*.

Ek het egter kalm gebly – wel, so soort van – en my stilgehou vir die duif om te bly sit. Later het hy van my skouer afgeklim en tot op die glasblad van die tuintafel gespring. Hy het belangstellend na die skootrekenaar geloer en selfs ’n toets of twee getik. Toe waai hy weer – skryf is nie vir almal nie.

Daardie aand toe ek vir die tarentale saadjies uitgooi, het die duif weer op my afgeduik. Hierdie keer het hy op my pols geland en die saadjies uit my hand gepik.

En so word Dapper, die mak kransduif, in ons gesin opgeneem. Soggens en saans kom eet hy, en glo my, jy moet altyd sorg dat daar genoeg saadjies in jou hand is, anders tik Dapper jou met daai skerp snawel van hom behoorlik oor die vingers.

Toe ek eendag met my bure oor die duif praat, sê hulle dat hulle Dapper as weeskuikentjie aangeneem en grootgemaak het, dat hy toe saam met hulle in die bed geslaap het!

Nog later vang ek selfs vir Dapper dat hy in ons huis rondloop en gereeld gaan peusel in die beskuitblikke in die kombuis. Op ’n kol het Dapper selfs op my vrou, Ingrid, se kop kom sit, iets wat nie maklik is om te doen nie.

En dan op ’n dag, so uit die bloute soos hy opgedaag het, verdwyn Dapper net. Dalk het hy op die verkeerde kat se kop gaan sit. Dalk het hy êrens elders beter geselskap gevind. Iemand het hom glo daar anderkant die restourante by die waterfront gesien – dalk hang hy daar saam met die toeriste uit. Wie sal weet?

Maar, per slot van rekening, waarvoor wil jy dan nou meer vra as die herinnering aan ’n duif met die naam Dapper wat op jou neerdaal, op dié beeldskone stukkie kuslyn, op hierdie pragtige lappie aarde wat ons hier bewoon?

(Uit: *Die Burger, 27 Junie 2015*)

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2019